**Onderwerp:** Optrede vereis vir 'n hofproses

Geagte [Titel] [Voornaam] [Van]

In die EPPF se 75ste bestaans jaar (2025), het ons herdenk om verder as net vir môre te sorg vir u, u gesin en die samelewing in die algemeen. Met die ondersteuning van al ons lede, wat aan die kern lê van wat ons doen, het EPPF gegroei tot 'n lidgesentreerde fonds waar dit ons eer is, om in diens van mense te wees. Danksy aan u ondersteuning het ons gegroei tot 'n verskaffer van aftreevoordele met bates onder bestuur wat oor die R200 miljard oorskry. En danksy aan ons verbintenis tot sorg, kan ons na ons lede se môre omsien, sodat hulle nie oor die toekoms bekommerd hoef te wees nie. 'n Deel van hierdie verbintenis tot sorg beteken dat ons altyd die regte ding sal doen.

Ons is bewus van die noodsaaklikheid om altyd die vertroue van al ons belanghebbendes, veral ons lede, te hê. Een van ons groot uitdagings die afgelope tyd was om vertroue te herstel ná die pensioenkwessie rakende Eskom se voormalige uitvoerende hoof, mnr. Brian Molefe.

**Met verwysing na mnr Molefe se pensioen, verskaf die volgende punte belangrike konteks vir u.**

In 2017 was daar 'n hofsaak om die besluit ongeldig te verklaar waarin Eskom se direksie die voormalige uitvoerende hoof van Eskom se pensioenuitbetaling goedgekeur het. Die saak het aan die lig gebring dat mnr. Molefe toegelaat was om 'n lid van die fonds te word, al was hy destyds op 'n vastetermynbasis by Eskom in diens. Ons fondsreëls bepaal dat slegs permanente werknemers van deelnemende werkgewers kwalifiseer om lede te word. U kan die jongste oor daardie voortgesette hofsaak lees deur op hierdie skakel na 'n artikel op ons webwerf te klik.

**Hoe ons verseker dat ons altyd die regte ding doen**

As deel van ons verbintenis om te leer, het EPPF 'n versekeringsoefening uitgevoer om te bepaal of al ons lede ten tyde van hul aansluiting by die fonds in permanente diens was. Ons het saam met Eskom SOC en Eskom Rotek Industries gewerk om u dienskontrakte, of enige ander werkgewerinligting, te vind wat toon dat u in permanente diens was toe u by die fonds aangesluit het. Ons het die indiensnemingstatus van lede geïdentifiseer en, waar indiensnemingsrekords gevind kon word, was dit bevestig. Dit is vir ons aangenaam om te berig dat ons meer as die helfte van ons lede se rekords nagegaan het en versekering het dat hul lidmaatskap van EPPF reëlmatig en in ooreenstemming met ons fondsreëls is. Ons berei nou voor vir die laaste stap van die proses sodat al ons lede as kwalifiserend geag sal word om deel te wees van EPPF.

**Lede se voordele sal steeds betaal word, maar ons moet die inligting bevestig**

Daar is etlike duisende lede, wat dalk jare gelede deel van die arbeidswêreld was, wie se indiensnemingsrekords bevestig moet word. Dit is waar die laaste stap van ons hofproses ter sprake kom, om te verseker dat almal se lidmaatskap van EPPF reëlmatig gemaak word. As u hierdie e-pos ontvang het, beteken dit dat ons nog nie u werkstatus kon verifieer nie. Daar is geen rede tot kommer nie, aangesien u voordele steeds betaal sal word. Wat ons wel nodig het, is dat u ons laat weet of u wel rekords van u indiensneming het. Indien wel, sal ons dit gebruik om u lidmaatskap van EPPF reëlmatig te maak. As u nie rekords het nie, is dit nie 'n probleem nie. Al wat u hoef te doen is om 'n vorm te voltooi om ons amptelik hiervan in kennis te stêl. U naam sal dan by die lys van mense gevoeg word wat geen vorige werkrekords het nie. Hierdie lys sal dan ingedien word as deel van EPPF se aansoek om 'n verklarende hofbevel. Hierdie bevel sal u lidmaatskap van EPPF reëlmatig maak.

**Die volgende is wat u moet weet en die stappe wat van u vereis word:**

1. **EPPF het 'n 'n gefaseerde benadering gevolg; om dus spesifieke provinsies op 'n slag hanteer. In Januarie en Februarie 2026 het ons spesifieke lede in Gauteng en**

**Mpumalanga gekontak.** Lede in ander streke sal dienooreenkomstig in die daaropvolgende maande gekontak word, maar is welkom om intussen hul dokumente voor te berei.

2. U moet **enige een** van die volgende dokumente aan ons stuur wat u indiensnemingstatus op die datum van u aansluiting by the Fonds bevestig :
    a) ’n Indiensnemingsbrief.
    b) ’n Aanstellingsooreenkoms.
    c) ’n Aanstellings brief.
    d) ’n Aanbodbrief wat u beoogde begindatum weerspieël.
    e) ’n Salaris kaart.

3. **Indien u nie enige van bogenoemde indiensneming dokumente het nie**, kan u **enige twee** van die volgende dokumente stuur wat u indiensneming bevestig op die datum wat u by die Fonds aangesluit het:
    a. Enige brief oor lang diens.
    b. Enige werknemeroordragbrief wat u begindatum by u (vorige) werkgewer weerspieël.
    c. ’n Salarisstrokie wat u begindatum by u (vorige) werkgewer weerspieël.

4. Hierdie dokumente moet per e-pos aan ons gestuur word by declare@eppf.co.za teen nie later nie as 28 Februarie 2026.

5. **Indien u nie enige van die vereiste inligting het nie**, moet u eenvoudig die aangehegte vorm voltooi en dit aan ons terugstuur, saam met ’n duidelike afskrif van u ID (beide kante indien dit ’n slim-ID is). U kan die voltooide vorm en u ID-kopie per e-pos stuur na declare@eppf.co.za. Indien u verkies om die vorm aanlyn in te vul, kan u dit doen deur op hierdie skakel te klik wat u na die e-vorm op ons webwerf neem.

Die aansoek sal dan by die hof ingedien word en aan u oorhandig word. Die dokument wat u sal ontvang, kan deur die balju van die hof of per e-pos deur EPPF se prokureurs (Norton Rose Fullbright) beteken word. Daar is geen rede tot kommer wanneer u die hofaansoek ontvang nie, aangesien hierdie stap bloot is om u met die papierwerk te beteken, wat deel van die hofproses is. U hoef niks te doen nie, behalwe om die papierwerk te aanvaar wat aan u gegee sal word, indien u lidmaatskap onveranderd will laat bly.

6. Sodra die saak in die hof aanhangig gemaak word, sal die fonds aansoek doen om 'n hofdatum sodat die saak voor 'n magistraat aangehoor kan word. U sal in kennis gestel word van die datum wat die hof aan die fonds vir die verhoor van die saak sal gee. U hoef nie die hofverrigtinge by te woon nie, aangesien ons die saak namens u sal afhandel. Ons sal u ook per e-pos of SMS van die hof se uitspraak oor ons aansoek in kennis stel.

7. Ons sal dan ons rekords formeel kan bywerk om te weerspieël dat u 'n kwalifiserende lid van die fonds is.

8. Gedurende hierdie hele proses sal daar hoegenaamd geen impak op u voordeel wees nie en u sal dit steeds ontvang.

Ons sal inligtingsessies hou as u enige vrae het. Hierdie sessies sal persoonlik sowel as aanlyn plaasvind. Vir die persoonlike sessies sal die fonds u direk per e-pos of SMS kontak.

Om uit te bou op u kennis van die aangeleentheid, lees gerus meer deur te klik op ons Gereelde Navrae (Frequently asked questions).

Indien u enige navrae het wat u op enige stadium wil aanroer, kan u EPPF kontak. Ons regsadviseurs kan per e-pos bereik word via declare@eppf.co.za. EPPF se

oproepsentrum sal ook kan help via die tolvrye nommer (EPPF Declarator hotline) 0800 079 672.

Vriendelike groete

Die EPPF-span